DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

menlo-insig

Insig 29 /2025 - 17 Oktober 2025



LIEWE MENLO

Welkom terug, Menlopark!

Die jaar se uurglas loop vinnig leeg en dit is tyd om die boeke nader te trek. Die Insig wens graag vir elke Parkie sterkte met die bedrywige tyd wat voorlê toe.

Geniet vir oulaas 'n opsomming van die derde kwartaal se hoogtepunte.

Eerste op die agenda is ...

Die matriekafskeid!

KOMMUNIKASIE

BELANGRIKE DATUMS

20 Oktober 2025	Somereksamen begin: Graad 10—12
	NSS-eksamen begin
3 November 2025	Somereksamen begin: Graad 8—9
4 November 2025	Begroting 2026: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)
	Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die Forum by die skool beskikbaar.
18 November 2025	Begroting 2026: Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting (Ouditorium, 18:00) Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting deur middel van 'n stemproses goed te keur.

ED-ADMIN (Menlo-kode: 599649)

- Maak asseblief seker dat u oor die nuutste weergawe van die Ed-admin-toepassing beskik.
- Klik op u kind se profielfoto.
- Kies Progress Report.
- Kies Analysis Chart:

  U kind se vakke is gelys en die punte van die eerste, tweede en derde kwartaal is beskikbaar.

  Kies Compare to Grade Average (regs bo) vir die graadgemiddelde.
- Progress Report: Kies hierdie opsie vir 'n volledige uiteensetting van u kind se punte (per kwartaal per vak).

Ander belangrike inligting wat op Ed-admin beskikbaar is:

- Somereksamenrooster
- Personeel se kontakbesonderhede
- Ekstra klasse vir Wiskunde en FW

'n Brokkie Menlo-geskiedenis

Menlo se 440 treë grasbaan is in die laat 1960's gebou.

Die 110 treë wedloop is destyds van suid na noord aan die oostelike pylvak gehardloop

Afrikaans: 100 jaar

Triskaidekafobie is die vrees of vermyding van die syfer 13.

Bron: Viva-taalwenk

MENLO-HOOGTEPUNTE

LENTEDAG 2025

Die einde van die derde kwartaal en die koms van die lente is op 3 Oktober 2025 saam met Riaan Benadé en nagenoeg 1 750 begeesterde Parkies gevier.

Baie dankie aan die Matriekraad onder leiding van me. Santa Maritz en mnr. Hein Brits vir hulle puik reëlings.

MATRIEKAFSKEID 2025

Modieus, elegant, sjiek, stylvol en onbeskryflik mooi. Dit is slegs 'n paar woorde waarmee 'n mens die matrieks se gesellige afskeidsfunksie kan beskryf. Op Vrydag, 3 Oktober, skuins voor sonsondergang en pas nadat die skoolklok die derde kwartaal vaarwel toegeroep het, het die matrieks hulle skooldrag vir deftige aanddrag verruil en soos koninklikes op die rooi tapyt by die matriekafskeid gepronk.

Die ouwêreldse Monte de Dios het die perfekte agtergrond vir die ry statige motors, wat van klassieke versa-melaarsitems tot byderwetse ontwerperswonders gewissel het, gevorm. Daarby is die graad 12-ouers met eersteklaskaartjies vir die skouspel beloon en het hulle dit terdeë geniet om te kyk hoe die matrieks soos sjiek prinse en prinsesse in hulle eie sprokie inwals …

Baie dankie aan die graad 11-ouers en -voogde onder leiding van me. Ilze van Niekerk en mnr. Hanno Roux – elkeen verdien 'n veer in die hoed vir die aanbieding van 'n onvergeetlike aand wat nog lank in die matrieks se geheuebank gekoester sal word.

AKADEMIE

DUITSLEERDERS BESOEK GOETHE INSTITUUT

Agt Menlo-Duitsleerders het hulle Duitse taalvaardighede op 10 Oktober tydens 'n kursus by die Goethe Instituut opgeskerp. Die interaktiewe leergeleentheid is deur ongeveer 70 Duitsleerders van verskeie skole bygewoon waar allerlei interessante onderwerpe in Duits verken is.

KULTUUR

CON SPIRITO-DEBAT: NASIONALE RONDE

Die stryd om die land se beste hoërskooldebatteerders op te spoor, is in die laaste week van verlede kwartaal in die skadu van die Voortrekkermonument voortgesit. Die Hoërskool Menlopark het die woordestryd met 'n leërskare aangepak en uitstekende resultate behaal. Baie geluk aan die debatteerders, afrigters en organiseerder, me. Tanya Matthysen.

- 450 hoërskoolspanne van reg oor Suid-Afrika het aan die eerste ronde van die kompetisie deelgeneem.
- 34 junior en 34 senior spanne dring na die nasionale finale ronde deur – sewe hiervan behoort aan Die Hoërskool Menlopark.
- Juniors
  Lienka Brink & Carli Serfontein
  Li-ané Haasbroek & Clara Blignaut 12de
  Lana Swanepoel & Wehann Snyman 9de
  Zani Dicks & Zea de Villiers 8ste
- Seniors
  Luané Erasmus & Kayden Venter
  Liané de Wet & Milan Visser 7de
  Nina Dicks & Clara Serfontein 2de

KULTUUR

DRAMA: PRYSUITDELINGSFUNKSIE

Beste junior akteur	Wehann Snyman
Beste junior aktrise	Nina du Plessis
Beste senior akteur	Rian Knoesen
Beste senior aktrise	Daniell van der Merwe
Mees belowende aktrise	Monja du Plooy
Beste verhoogbestuur	Nina du Plessis
Beste tegnies	Karma se speletjie
Tienertoneel	
Beste produksie	Die raaiselagtige poging tot moord op Kotie
Dramaklub	
Toppresteerder	Gabrielle van Rensburg
Beste eksperimentele stuk	Identiteit

KOOR: AFSLUITINGSKONSERT

Sopraan van die jaar	Isabeau van Helsdingen
Alt van die jaar	Bernice Bosch
Tenoor van die jaar	Jasper Smit
Bas van die jaar	Rudolph Smit
Koorlid van die jaar (dogter)	Imme Kromhout
Koorlid van die jaar (seun)	Wihan Vermeulen

GALAKONSERT: AKV-KUNSTEFEES – BESTE PRESTASIES

Rubert Pieters	Elektriese kitaar (gr. 3)
Rian Knoesen	Akoestiese kitaar (gr. 5)
Zelia Küsel	Dwarsfluit (gr. 3)

Baie geluk aan hierdie talentvolle ambassadeurs van die Menlo-musiek-akademie.

ROKSHOW: MATRIEKS *ROK* DIE LOOPPLANK AAN DIE BRAND

Wat is lekkerder as die matriekafskeid? Om daardie pragtige rok of pak vir die tweede keer aan te trek!

Die immergewilde rokshow was oudergewoonte een van die jaar se modehoogtepunte en die Menlo-modelle het gewys dat Suid-Afrikaners nie net beter rugby as die Europeërs speel nie, maar ook beter roksterre is.

Baie dankie aan me. Elné Coertzen en haar span wat die rokshow vir 'n kishou geslaan het asook mnr. Andrew Mc Geer en me. Marthie van de Merwe wat as seremoniemeesters opgetree het en al die matrikulante wat hulle lywe Menlo-modelle gehou het. #MenloROK



SPORT



TEKKIELYMPICS ONTGIN NUWE TALENT

Daar is gewik en geweeg, bespiegel en gewonder. Selfs stilletjies geoefen en oor dié tergende vraag geargumenteer en gedebatteer: Kan seuns netbal speel?

Die antwoord hierop vind 'n mens een maal per jaar, tydens die Tekkielympics, op Menlo se netbalbane waar seuns en dogters mekaar in gemengde spanne die stryd aansê. Vanjaar was geen uitsondering nie en die Insig deel graag 'n paar foto's van die skouspel.

Baie geluk aan die wenspanne wat netbalspel van uitstaande gehalte gelewer het.

Baie dankie aan me. Cara Weyers, me. Eleanor du Toit (netbalorganiseerder) en die bekwame span afrigters wat verseker het dat die Tekkielympics seepglad verloop. Die Insig sien reeds na die skouspel van 2026 uit en begin dadelik om 'n paar doele te oefen.

NETBAL: SA KAMPIOENSKAP (FAST5)

O. 15 (Blou)	13de
O. 15 (Rooi)	5de
O. 18 (Blou)	SA kampioene

Volg die **skakel** om die aksie te beleef.

GAUTENG NETBALL AWARDS

Mnr. Manny Ferreira, Menlo se voorslagafrigter (o. 14A & o. 19A), is as Afrigter van die Jaar aangewys.

#Menlo-trots

ATLETIEK: PRYSUITDELINGSFUNKSIE

Landloop

Beste junior atleet: dogter	Zanta Lourens
Beste junior atleet: seun	Tommie Cronje
Beste senior atleet: dogter	Clarabelle Haasbroek
Beste senior atleet: seun	Leon Stoltz
Aflosspan van die jaar	O. 15-dogters
	O. 16-seuns
Junior victrix ludorum	Janelle Kirkpatrick
Junior victor ludorum	Michael Shanzi
Senior victrix ludorum	Megan Nieman
Senior victor ludorum	Leon Stoltz
Atleet van die jaar: junior dogter	Janelle Kirkpatrick
Atleet van die jaar: junior seun	Jaco van Dyk
Atleet van die jaar: senior dogter	Megan Nieman
Atleet van die jaar: senior seun	Joshua Gerber

SPORT

HOKKIE

Alle Parkies wat volgende jaar wil hokkie speel: Volg die **skakel** en voltooi die e-vorm.

BERGFIETS: CYCLE LAB SE NASIONALE KAMPIOENSKAP (PIET RETIEF)

Uitslae (span)

Algeheel	9de
Afdeling vir gemengde skole	2de
Seunsafdeling	4de
Dogtersafdeling	23ste

Uitslae (individuele prestasies)

Stephan Aldum (Youth 18 Men)	Dag 1: 2de	Dag 2: 2de

CYCLE LAB REEKS: GAUTENG

Top-5-posisies per kategorie

LJ van der Westhuizen	5de	Sub-Junior Boys
Jaco Aldum	5de	Youth 16 Men
Katrijn Botha	4de	Youth 16 Women
Stephan Aldum	5de	Junior 18 Men
Gauteng-kleure	Katrijn Botha, Jaco Aldum en LJ vd Westhuizen	

Uitslae (span)

Algeheel	4de
Seunsafdeling	3de
Dogtersafdeling	3de

RATSRUGBY (SEVENS): SDC NOORDVAAL

Uitspele: Bekerafdeling

O. 15	3de
Kwartfinaal	19-17 vs. Zwartkop
Semifinaal	19-21 vs. Pietersburg
Uitspele	21-19 vs. Transvalia
Speler van die wedstryd	Aiden Roodt

O. 17	3de
Kwartfinaal	36-12 vs. Ligbron
Semifinaal	12-26 vs. Zwartkop
Uitspele	31-26 vs. Heidelberg Volkskool
Speler van die wedstryd	Juan Joubert

BLOU BUL SEWES

Hartlik geluk aan Jody Abrahams wat in die Blou Bul 7's-span opgeneem is.

SPORT

KRIEKET: VAKANSIETOERE

O. 14: Northwood (Durban)

Menlopark o. 14 A vs. SACS o. 14 A

SACS	162 almal uit (LJ Janse van Rensburg 4/10)
Menlo	141 almal uit (Neil Claassen 41, Neil Muller 28, Rudo Rheeders 28*)

SACS wen met 21 lopies.

Menlopark o. 14 A vs. Hans Moore o. 14 A

Menlo	280/8 (LJ Janse van Rensburg 75, Christiaan Koekemoer 69)
Hans Moore	90 almal uit (Leo Metz 5/8)

Menlo wen met 190 lopies.

Menlopark o. 14 A vs. Northwood o. 14 A

Menlo	198 almal uit (Arnu Grové 51, Rudo Rheeders 38)
Northwood	140 almal uit (LJ Janse van Rensburg 5/37)

Menlo wen met 58 lopies.

Menlopark o. 14 A vs. Boland Landbou o. 14 A

Menlo	171 almal uit (Reinhardt Spamers 54, Neil Muller 27)
Boland	163/9 (Arnu Grové3/13, Wilrich Richter 2/25, Leo Metz 2/34)

Menlo wen met 8 lopies.

O. 15: Grey High School (Gqeberha)

Menlopark o. 15 A vs. SACS o. 15 A

Menlo	265/6 verklaar (Niël van Zyl 93, Anton de Klerk 56)
SACS	127 almal uit (Kayden du Plessis 3/6, Victor Wentzel 3/16)

Menlo wen met 138 lopies.

Menlopark o. 15 A vs. Grey Kollege o. 15 A

Menlo	148 almal uit (Jonathan van der Merwe 55, Reinhardt Langenhoven 37)
Grey	246/3 verklaar
Menlo	80/3 (Anton de Klerk 36, Niël van Zyl 25*)

Wedstryd eindig onbeslis.

Menlopark o. 15 A vs. Woodridge o. 15 A

Woodridge	256/8 (Anton de Klerk 4/32)
Menlo	204/9 (Schalk van Ettinger 55)

Woodridge wen met 52 lopies.

Menlopark o. 15 A vs. Paarl Gimnasium o. 15 A

Paarl Gim	124/7 (Chris Naudé 2/22)
Menlo	129/6 (Anton de Klerk 39, Victor Wentzel 39)

Menlo wen met 4 paaltjies.

SPORT

RUITERSPORT: SANESA Tshwane Prysuitdeling 2025

Provinsiale kleure: Tshwane Kernliga (A-span)

Libby Pienaar	Equitation & Show Jumping
Milan Brink	Equitation
Annebelle Botha	Working Riding
Micaela Cloete	Show Jumping (2 classes)
Paige Durrant	Prix Caprilli (2 classes), Dressage (2 classes) & Working Hunter
Anika De Souza	Show Jumping (2 classes)
Lize Coetzee	Equitation, Show Jumping (2 classes) & Working Riding

Provinsiale kleure: Tshwane Kernliga (B-span)

Roi Fourie	Dressage (2 classes)
Milan Brink	Show Jumping
Libby Pienaar	Show Jumping
Annebelle Botha	Working Hunter
Nina Prinsloo	Performance Riding (3 classes)
Lize van Ettinger	Show Jumping & Equitation
Paige Durrant	Equitation
Lize Coetzee	In-Hand Utility

Provinsiale kleure: Addisionele dissiplines

Leah de Witt	Endurance
Stephan Botha	Endurance

Tshwane Kernliga: Rising Stars

Dea Higgins	Dressage (2 classes), Prix Caprilli & Performance Riding
Desré van der Merwe	Equitation
Inge Higgins	Dressage, Performance Riding
Jessi Strydom	Show Jumping (2 classes)

Spesiale Toekennings

Sanesa Tshwane Outstanding Achievement Awards

Rising Stars - High Schools

Jessi Strydom 2de

Top Three Pony Riders

Lize Coetzee 2de

Open Rider Level 7 Performance Riding

Nina Prinsloo

Top Additional Discipline Riders Endurance

Stephan Botha

SPORT

TENNIS: SUN CITY WILSON SHIELD

Uitslae

Dogters	2de	Megan Fourie, Melissa Meyer, Mika Keet, Danika Geyser & Danelle Niemandt.
Seuns	3de	Joshua Smit, Kelly Mostert, Ruben Lourens, Michau Kruger & Reinhardt Fraser.

NWU MULTI-SURFACE TENNIS CHALLENGE

Uitslae

Dogters	3de	Melissa Meyer, Mika Keet, Nina Kloppers, Danika Geyser & Abigail Prinsloo.
Seuns	3de	Joshua Smit, Kelly Mostert, Christiaan de Bruine, Ruben Lourens & Jan-Hendrik Swanepoel.

Gevolgtrekking

Die gras is groener by Menlo en Menlo-spelers trap nie klei nie.

AMERICAN EXPRESS TSHWANE SUPER 8

Deelname Kelly Mostert, Megan Fourie & Mika Keet.
Uitslag Kelly Mostert eindig 4de uit 64 nasionale spelers van reg oor Suid-Afrika.

PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

LEIERSKAP EN AKADEMIE

Megan Johnson is as een van die finaliste in die Matrikulant van die Jaar-kompetisie aangewys.

NETBAL

Suzaan Müller is vir die o. 19-damesnetbalspan (binnenshuis) gekies. Die span sal in 2026 aan WINA se Super World Cup deelneem.

TUIMEL

Caitlin Read het die tweede plek by die SA Tuimelkampioenskap behaal (vlak 8; vroue 17 jaar en ouer).

TRAMPOLIEN

Gideon en Anri Fourie het geskiedenis by die SA Trampolienkampioenskap gemaak deur die eerste goue medalje in die gemengde gesinchroniseerde afdeling (vlak 9; 17 jaar en ouer) in te palm. Ammie Lacante is die SA trampolienkampioen (Euro-trampolien). Ammie het die derde plek in die *double mini*-afdeling (vlak 8) behaal.

KRIEKET: BBYRA IPT-SPAN

Baie geluk aan Alex van Zyl (o. 16), Zander Visser (o. 14), JP Fourie (o. 14), Levi Murphy (o. 14), Zander Hamman (o. 16).

MENLO-BORGE: BAIE DANKIE

OBARO

oasis®

SAFARI OUTDOOR

PARKIEPRENEURS

EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK